

Skriflesing: 2 Konings 2:23 – 25

Teks: **2 Konings 2:24**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 45:1,4,5**

TYDENS EREDIENS – Ps. 91:1, 8; Ps. 25:2,9; Ps. 32:3,5; Ps. 60:1

2 Konings 2:23 – 25

2Ki 2:23 Elisa is daarvandaan op na Bet-El toe. Terwyl hy op pad was daarnatoe, het 'n klomp klein seuntjies uit die stad gekom en hom gespot: "Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop!"

2Ki 2:24 Hy het omgedraai, hulle aangekyk en hulle vervloek in die Naam van die Here. Twee bere het uit die bos gekom en twee en veertig van die kinders verskeur.

2Ki 2:25 Van Bet-El af is Elisa na Karmelberg toe en daarvandaan na Samaria toe.

Skriflesing: 2 Konings 2:23 – 25

Teks: **2 Konings 2:24**

Sing: **VOORAF SANG – Ps. 45:1,4,5**

TYDENS EREDIENS – Ps. 91:1, 8; Ps. 25:2,9; Ps. 32:3,5; Ps. 60:1

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoe verskriklik dit wat ons vandag gelees het.

Koerantopskrifte sou dit beskryf as “kinders verskeur” ... Ander opskrifte sou kon wees – Die vloek uit die bos! Kan God met kinders so streng wil wees? Was dit nie maar ’n goedgegeterg en dat Elisa dit eintlik heeltemal anders moes hanteer nie?! Hoekom hierdie verskriklike gebeurtenis?

Hierdie verskriklike gebeurtenis is nie toevallig deel van dit wat in die kerkverband vandag afgespreek is nie. Artikel 66 van die Kerkorde het ook te doen met verskriklike gebeurtenisse in ’n land en volk se lewe ... *In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.* In die oproep tot verootmoediging is die eerste twee punte dat ons die Here sal erken en eer as Heerser van hemel en aarde. Die tweede punt dat ons ons voor die Here sal verootmoedig om te soek na die Here se hand in die omstandighede waarin ons is.

Omstandighede wat spesifiek melding maak van die energiekrisis en die uitkringende sosiale en ekonomiese gevolge vir lidmate en al die inwoners van ons land. Hiermee saam die verval van infrastruktuur wat tot groot ellende lei. Die derde punt wat hierdie dag noodsaaklik maak is die hoë vlakke van misdaad en werkloosheid in die land. So lui die hoof motivering en die verklaring in ons kerkverband in belang van Artikel 66 van ons Kerkorde.

Wanneer ons besef al die dinge wat die dag van ootmoed en klein word voor die Here noodsaaklik maak, dan besef ons dit handel in baie opsigte daarvoor hoe daar teenoor die Here opgetree word. Word Hy werklik geken en eer as Heerser in ons land. Die gebrek aan hierdie basiese uitgangspunt lê in so baie gevalle ten grondslag van baie ander ellende wat weer

hieruit voortspruit. Om God in sy heerskappy nie te ken en te eer vir Wie Hy is nie. Nog erger hoe dikwels word daar met God Self en sy werke gespot. Grappies gemaak wat op die einde geen grap is nie.

Dit wat hierdie jong seuns met Elisa gedoen het, sal baie dalk dink maar is dit regtig so erg wat hulle gedoen het. Ons moet ook goed begryp dat in al ons Afrikaanse vertalings is hier 'n probleem wat eintlik behoort reggestel te word. Die Hebreuse woorde wat dui op hierdie kinders וְנַעֲרִים קְטַנִּים *Naârim ketanaim* sal in Engels beter weergegee kon word met “young lads/boys” tussen twaalf en vyftien jaar oud. Alles behalwe heel klein seuntjie.

Hulle het nie alleen met Elisa se fisiese voorkoms gespot nie. Dit wat bloot as kaalkop vertaal is, is in die Hebreus baie ernstiger as net iemand wie se hare min geword het. Die *gaan op, kaalkop, gaan op, kaalkop*, is 'n vervloeking wat vertolk kan word as dat hulle vir Elisa sê – *laat jy doodgaan, jou nuttelose, besmette mens...* Kaalkop is iets wat in die Hebreuse literatuur dikwels met melaatsheid in verband gebring word. Ons lees in Levitikus 13 vers 42 dat as iemand 'n rooierige uitslag op sy kop vertoon sodat sy kop daarvan kaal raak dat so een moontlik die simptome van melaatsheid al duideliker begin vertoon en so een as onrein beskou moet word. Dan was die wet in Israel dat so iemand hom aan die priester moet gaan vertoon om te bepaal of dit inderdaad melaatsheid is of nie.

Dan kom ons agter, hier word nie net met 'n ouer mens die spot gedryf nie, hier word nie net iemand se gesag ondermyn en daarmee gespot nie, hier word selfs met siekte die spot gedryf. Jy met jou siekte verwyder jouself, *gaan op kaalkop, gaan op kaalkop*, wat dit ook mos nie wegneem dat Elisa wel al baie duidelik die tekens van 'n bles gewys het nie. Kinders wat reeds in hulle tienerjare was kyk ons na hulle gedrag en die woord wat hulle gedrag beskryf staan in dieselfde verband as om iemand met klippe of modder te gooi, ja hulle optrede grens aan die uiterste vorm van krasheid.

Die *gaan op* woorde... *Gaan op kaalkop, gaan op kaalkop*, sluit ook nie uit dat daar direk met God se werk gespot was nie. Kinders wat gehoor het hoe God vir Elia wonderbaarlik in die hemel opgeneem het. Agter die kinders se gespot is dan die gedagte dat Elisa sy voorganger Elia se pad moet volg. Mag jy tog uit hierdie wêreld verwyder word, ja gaan jy ook op dat ons van jou ontslae kan wees! Geliefdes u kom agter hierdie was alles behalwe 'n klompie

onskuldige kinders wat maar net so bietjie met die man van God die gek wou skeur. Dis baie ernstiger as dit.

As dit maar net om Elisa gegaan het en sy persoon, ja ons was dalk ook al in sulke omstandighede dat ek maar die spot moet verduur. Maar wie met siekte en God se werke en dan selfs ook God se ampte die spot begin dryf, is 'n ander werklikheid. Mag ons dit goed besef Elisa word gespot teen die agtergrond van kinders wat hulle ouers teen hierdie profeet aangehits het. Kinders het hulle ouers gehoor oor hoe hulle van die man van God praat. Die kinders is maar net die stemme van pa's en ma's wat lankal reeds neerhalend oor Elisa gepraat het nie. Die produk van hulle eie opvoeding maak die bere los!

Daarom die al hoe dringender vraag wat het dan gebeur dat hierdie 42 jong seuns so wreed aangeval was. Ons vra die vraag op 'n dag wat ons ook in diepe ootmoed tot God moet kan nader. Of al die seuns deur die bere gedood was, of die meeste net erg vermink was en dalk weer gesond kon word, word ons nie vertel nie. Maar dat iets verskriklik in die seuns se lewe gebeur het wat hulle, hulle ouers, hulle gemeenskap, tot in sy fundamente sou ruk laat geen twyfel nie.

Ons land word ook tans op baie maniere tot in sy fundamente geruk. Die oproep tot hierdie dag van ootmoed wys daarop dat ons die Here se hand in alle omstandighede moet soek. Die Here se hand ook as kinders gestraf moet word wat ons in ons land ook onself beslis nie kan verskoon nie. 'n Groot deel van ons land se probleme is inderdaad 'n jeug wat dinge baie moeilik maak. As daar op tersiêre vlak elke keer van studente onrus en opstande gehoor word, eksamens wat aanmekaar ontwig word, infra-struktuur wat op kampusse so dikwels beskadig word, 'n politieke party wat daarop uit is om die arm jongmense net nog tot groter onrus en onstabiliteit in die land aan te hits, dan sien ons iets van 'n groot deel van ons jeug raak. Natuurlik ook 'n jeug wat baie van hulle wil in die sfeer van 'n welsynstaat floreer, wil graag heelyd ontvang en ontvang maar is hulle bereid om ook hard te werk.

Moet ons die vraag nie eintlik al dringender en harder begin vra dat kan ons verwag (of eerder) mag ons verwag dat dit in 'n land beter moet gaan, terwyl ons 'n regering het wat God op so baie maniere uitdaag en tart. Baie regerings-besluite, dinge waarby die regering verklarings uitreik, politieke samekomste (ook die DA het al hierdie maniere aangeleer ...) vind op Sondag plaas!

Besef ons hoe dikwels word die Sondag, die dag van die Here gekies om sulke byeenkomste en vergaderings te reël. Hulle saamkom is op die dag van die Here wat ons veronderstel is om Sondag 38 van die Kategismus in ons lewe te vergestalt om ywerig in die gemeentes van God saam te kom, maar nee regeringslui en partye misbruik so dikwels die dag vir politieke gewin. Wat is dit anders as oortreding van die vierde gebod van ons Here. Tog wil ons hê die Here moet ons in ons ellende help, die Here moet uitkoms gee, ons wil die Here om wysheid vra maar ons hou ons so dom as dit gaan om wat God in sy geboorte van ons eis.

Die verklaring tot die dag van verootmoediging sluit ook in dat ons nie moet ophou om vir die owerheid te bid en die Here te vra dat die owerheid met verantwoordelikheid en wysheid mag optree. OP die stadium is die owerheid besig om op groot skaal baie moedswillige en dom dinge te doen. Een so 'n voorbeeld is as die AGOA ooreenkoms moet wegval met lande wat van ons grootste uitvoerlande is. Onse regering kry net nie end om met Rusland allerhande sentimente te deel in die Oekraïense oorlog wat Rusland en Ukraine met mekaar het nie. Die owerheid kry glad nie die Westerse wêreld oortuig dat ons neutraal in die oorlog staan nie, alles behalwe! Die gevolg is nog duisende mense kan hulle werk verloor, tot soveel as 66 000 mense wie se poste regstreeks met die AGOA ooreenkoms verband hou. 'n Ooreenkoms wat vir 425 000 mense werksgeleenthede skep kom in die gedrang oor dom besluite en keuses en optredes!

Iets waarvoor ons ook in diepe ootmoed tot die Here sal moet nader is juis die welstand van die jongmense in ons land. Weer terug by die jonges! Een kant kry hulle baie swaar. Die werkloosheidsyfer is vir jongmense die hoogste uit alle groeperinge. Selfs goed geskooldes kry nie werk nie. In dieselfde konteks is die verval en moraliteit van jongmense in ons land skokkend laag. Hoe baie tel onder ons jeug wat soos daardie jonges van Bet-El uitdagend spot met wat in God se oë goed en reg is. Tog moet ons dadelik die jongmense in Elisa se geval en in ons geval in breër konteks plaas.

Ons kan dit seker nie genoeg beklemtoon dat agter hierdie verskriklike gebeurtenis van die bere wat losgelaat is, skuil 'n baie groter gevaar as bloot net kinders se gekoggel. Die gepraat van kinders is dikwels die resultaat van opvoeding; opvoeding of die gebrek daaraan is in die meeste gevalle nie kinders wat hulleself kan opvoed nie, maar ouers wat eenvoudig geen begrip en respek by hulle kinders kon tuisbring om wat God rondom die vyfde gebod verwag

nie. Ons het reeds gewys hoe maklik ons owerheid en politieke partye die vierde gebod oortree. Dan kom ook die vyfde gebod...

Die vyfde gebod wat baie duidelik handel oor respek vir jou ouers en vir ander mense ... nog meer spesifiek die respek vir gesagstrukture ... As Sondag 39 vir ons vra *Wat eis God in die vyfde gebod...* Ons belydende antwoord is baie duidelik ... *Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.* Die oproep tot die dag van ootmoed maak in besonder melding van die wetteloosheid wat uitspeel in die hoë vlakke van misdaad en werkloosheid in die land.

Mag vandag dien as die groter saak om ons verhouding en die orde tussen ons en God in plek te begin stel dan word die land deur God se seënende hand outomaties aangeraak as God se kinders hulle lewe in plek en orde kon kry. Die vyfde gebod is juis 'n besondere gebod wat ook werk met 'n belofte ... Dit wat die land en ons gronde en alle infra-struktuur direk raak. As ons weer mooi luister na die belofte by die vyfde gebod dan maak die Here die belofte ...

Elisa wat eintlik so dikwels so mooi met kinders omgegaan het. *12 "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.*

Deuteronomium 5 brei nog weer daarop uit- *'Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.*

Ons erken vandag voor die Here dit gaan nie goed in ons land nie. Dit raak by die dag al duideliker dinge val uitmekaar! Regmaak sal nie noodwendig by die herstel van die kragentrales en infrastruktuur begin nie, die energiekrisis lê ook op 'n ander vlak. Die gesinstrukture, die hou van huisgoddiens, behoorlike kategetiese onderrig, behoorlike meelewing met die huisgesin van God, dit alles wat 'n ander tipe energie verg laat ons herstel daar begin. Dan sal daar anders na die energiekrisis en die sosiale en ekonomiese gevolge en ellende in die land geoordeel word.

Ons sluit af partykeer verdien iemand om mee gespot en geoordeel word maar dikwels kom God se kinders ook in omstandighede waarvoor hulle nie gevra het nie, maar dan word hulle

die vark in die verhaal gemaak. Die vorige uitvoerende hoof van Eskom sal ons meer hiervan kan vertel. Kerklik word dit ook dikwels beleef. Die wat preek en pleit om gehoorsaamheid en herstel van die orde wat God geskep het, hulle word gedurig op allerhande maniere uitgedaag en verdag gemaak.

So weet ons Elisa het in sy lewe eintlik aan kinders net wou goeddoen, tog sien ons het, het kinders hom aangedoen. Daarom dat die beerwyfies op hierdie jongmense losgelaat was. Verlede Sondag was ons al waar hy water weer bruikbaar gemaak het juis om die mammas se misgeboortes te keer. Hy wou dat kinders gesond en lewend hierdie wêreld moet inkom.

Ander gebeurtenisse rondom kinders wat Elisa so mooi vir kinders die middelpunt van God se openbaring maak is daar heelwat om na heen te gaan. In 2 Konings 4 vv. 8-17 het Elisa 'n kinderlose egpaar nader na God en na bevrugting gebring. 'n Vrou vir so lank kinderloos het 'n lewendige gesonde seun die wêreld kon inbring (vgl. 2 Kon 4:14,17). In dieselfde 2 Konings 4 vv. 18-37 het Elisa weer 'n ander wie se kind gesterwe het uit die dood opgewek.

En een van heelwat ander aangrypende gebeure wat Elisa rondom kinders gehad het, lees ons in 2 Konings 6 waar 'n Aramese dogtertjie van haar ouerhuis weggeruk en as slaaf weggevoer was, maar as sy hoor dat haar nuwe eienaar tot die dood toe siek was aan melaatsheid was die dogtertjie instrumenteel dat Naäman by Israel en by Elisa kon uitkom dat hy weer gesond kon word. Só het ons die mooie wat Elisa in sy verhouding tot kinders kon hê.

Laat ons met diepe ootmoed vandag voor die Here erken. Ons bely dat Hy regeer. Dis die vertrekpunt; dis waaroor dit alles gaan. Maar God se regering werk deur mense, mense met gebreke, mense wat baie foute kan maak maar my liefde, my eer en my trou moet ek bewys. Waar dit gaan om die goeie leer en die tug wat ek aan gehoorsaam moet wees, waaraan ek my moet onderwerp is dit geen geval ek het 'n keuse of ek daarna wil luister of nie. Die een wat hierna nie wil luister nie, is daar ander tipe bere om mee rekening te hou al kom dit nie dadelik op jou af soos dit met hierdie vloek uit die bos die geval was nie. Die bere is besig om ons land, ons jeug, ons infrastruktuur op baie maniere te verniel. Kom ek myself vandag ernstig afvra hoekom is hier so baie bere los in ons land. Is ek regtig heeltemal onskuldig in al die skade wat ons nou al gely het. Orde, wette en dissipline, die verstaan van oorsaak en gevolg, as ek swaar gesondig het, moet ek swaar gestraf word. Dié reg moet reg werk, wat

help dit 'n Zondo kommissie het so klomp dinge blootgelê maar daar is nie regtige gevolge nie. 'n Regering wat met die reg speel en keer op keer die Stalingrad metode willens en wetens toelaat, hoe kan dinge dan ooit regkom as die reg nie reg werk nie. En dan moet God se reg oor jou en my lewe die beginpunt en die eindpunt wees om alles te oordeel in die lig van wat is vir God reg en wat is vir God 'n gruwel. Mag dit die ootmoed wees waarmee vandag afgesluit mag word.

AMEN